

duisende bome wat vrug dra

Meer vrug | 29 Januarie 2023 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Een van Jesus se laaste boodskappe op aarde was dat Sy dissipels sal vrug dra. Hierdie boodskap was naby Getsemane waar Hyself deur die Olyf-pers moes gaan. Olyfbome is 'n belangrike simbool in die Skrif. Jesus en Paulus gebruik die Olyfboom as 'n metafoor om 'n geestelike waarheid te bevestig. Die olyftak moet in die boom ingeënt word sodat die takkie sy voeding uit die boom kan kry en vrug kan dra.

God se plan met my en jou lewe is dat ons baie vrug sal dra.

Duisende nuwe bome wat vrug dra deur gebed.

Wenke vir leier

- Identifiseer nog leiers in jou Kring en maak seker dat hulle aanmeld.
- Hou _____ mekaar verantwoordbaar om hierdie week 'vrug' te gaan uitleef.

Lees saam

Romeine 11:16-24

16As die eerste stuk deeg aan God gewy is, dan is ook die res van die deeg aan Hom gewy. En as die wortel van die boom aan God gewy is, dan is ook die takke aan Hom gewy.

17Party van die takke is uitgekap en jy, 'n wilde olyf, is tussen die ander takke op die mak olyf geënt. So het jy deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel. 18Moet jou dan nie bo die ander takke verhef nie! Moet jou ook nie verbeel jy is iets nie: dit is nie jy wat die wortel dra nie, die wortel dra jou.

19Jy sal wel sê: "Takke is uitgekap sodat ék daar geënt kon word." 20Dis waar. Hulle is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie; jy is daar geënt omdat jy glo. Moenie daarvoor hoogmoedig wees nie; hou rekening met God; 21want as Hy die natuurlike takke nie ontsien het nie, sal Hy jou dalk ook nie ontsien nie.

22Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word. 23En wat hulle betref, as hulle nie in hulle ongeloof volhard nie, sal hulle ook geënt word, want God is in staat om hulle terug te ent. 24As God jou uit die wilde olyf, waar jy van nature hoort, kon uitkap en teen jou natuur in op die mak olyf kon ent, hoeveel te meer sal Hy die mak takke op hulle ou boom ent.

Gesels saam

1. Wat leer jy van God in Romeine 11?
2. Wat beteken dit om ingeënt te word?
3. Wat verstaan jy onder vrug dra? (Johannes 15:1-8)
4. Wat leer jy hierdie gedeelte van jouself?
5. Wat gaan jy doen om meer vrug te dra?

Leer meer / kyk weer



[Klik vir verdere studie materiaal](#)



[Klik hier om weer te kyk.](#)

Doen saam

- Woon as Kring die gebedsweek by en nooi iemand saam wat by jou Kring kan inskakel.
- Moedig lede aan om 'n een uur 'slot' by die gebedsweek te neem.
- Kontak ons by gebed@moreleta.co.za

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035